STRAATKIND

Linda Roos

H.H. KRYNAUW
Eastern Cape Education Department

Titel: Die kleinletters beklemtoon die tema van verwerping, die nikswees en onbelangrikheid van die straatkind.

Uit: 'n *Hokvol dwase*, 1986

- r.2 pendelaar: Pendelaars is mense wat op gereelde basis heen en weer ry tussen, bv. hul woonplek en werk; dus gewone mense op pad werk toe. Dit is moontlik dat die spreker ook op dié mense neersien aangesien hulle nie van eie vervoer gebruik maak nie.
- “ons”: Die verbygangers; bevoorregtes
- Bedelaars, pendelaars, hoere en straatkinders is randfigure, uitgeworpenes.
- Hulle is egter ook mense wat dikwels op die straat gevind kan word – op soek na ’n ‘geleentheid’.



r.1 ongeërg: sonder bohaai, kalm

1 ek wou verbymik met die selfbewuste ongeërgde blik

2 wat ons vir bedelaars en pendelaars en hoere reserveer –

r.6 opgekrimp: inmekaargetrek

3 verby die kind wat eenkant om die vullisdromme snuif

4 wat **s**y **s**kraal **s**kouers gereed dra **s**oo**s** **s**pie**s**e

5 of ’n heining; maar agter dié heining

6 het **s**y vuil hemp **s**kielik opgekrimp **s**oo**s** *’n* ou roof

7 en ’n toegepleisterde wêreld

r.7 toepleister: figuurlike taal – die wêreld is soos ’n seer toegeplak

r.3 “snuif”:

- Die kind “snuif” of snuffel rond. Hy ruik rondom die asblik om moontlike kos uit te snuif.
- Dit is ook moontlik dat die kind a.g.v. al sy ontberinge buite op straat, 'n verkoue onder lede het en dus nou snuif aangesien hy nie 'n sakdoek het nie.
- Hy is ook moontlik tranerig. Dit kan ook impliseer dat die kind verslaaf is aan gomsnuif – iets wat dikwels met straatkinders gebeur.

r.10 Navorsing word in wetenskaplike laboratoriums gedoen waar toetse op onskuldige diere (die konyne) uitgevoer word.

8 op die sypaadjie laat bloei

9 waar bome onder die skril bevel van sae steun

10 konyne spartel in steriele laboratoriums

11 en lammers teen die slagterslem

r.9 personifikasie; kontras in strofe 3

r.11 slagterslem: mes/lem waarmee diere geslag word

r.8 Die **onreg** wat nou oopgevlek word en sommer op die sypaadjie 'bloei' sodat verbygangers nie anders kan as om aandag daaraan te gee nie: Die natuur word verwoes en kreun; onskuldige diere, soos konyne, wat deur die mens vir tegnologiese vooruitgang doodgemaak word; die kwesbare lammers wat geslag word tot die mens se voordeel.

12 en daar was wysheid in die lug

13 (nes dié ander dag uit wolke)

14 <u>maar</u> soos <u>van ou mans met klam monde op parkbankie

15 en <u>kras soos kraaie</u>

r.12 wysheid: baie kennis, geleerdheid; Die "wysheid" was "soos van ou mans met klam monde op parkbankies" en die klank daarvan was "kras soos kraaie".

r.14 klam: natterig. "maar" Met die verwysing na die "ou mans met klam monde op parkbankies" word moontlik na bedelaars verwys, dus wysheid van dié ou mans teenoor die wysheid van Christus uit die wolke (versreël 13). Hierdeur word die verhewenheid van die wysheid ook beklemtoon.

r. 14: Die woord "maar" lei 'n kontras in.
Die "wysheid" was "soos van ou mans met klam monde op park-bankies" en die klank daarvan was "kras soos kraaie".
Die "ou mans op parkbankies" verwys moontlik terug na die bedelaars. Die verhewenheid word dus gekontrasteer met die terug-verwysing na dié mense op wie die spreker neersien. Die boodskap / wysheid uit die lug is ook nie mooi nie – dit is kras. Heel moontlik nie 'n aangename boodskap nie. Kraaie is simbolies van die siel of van geestelike verhoging. Die kraai word ook dikwels geassosieer met die dood of met 'n onheilsboodskap.

16 toe ek wegdraai was daar ’n geruis in my ore

17 en onverklaarbaar teen my wang die bloedveeg

18 van ’n vlerk

r.16 geruis: sagte geruis van blare/ takke in die wind. Sintuig: Gehoor. Die spreker het ’n geluid gehoor wat geklink het soos ’n geruis.

r.17 “onverklaarbaar” dui daarop dat dit heel waarskynlik iets bomenslik is wat hier gebeur het.